SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARL NUUS SONDAG 10 MAART 2002

Dit is amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

BHF/UHF-WEDSTRYD

MONITERING VIR TWEEMETER DX

LOGBOEK VAN DIE WêRELD SAL DX-TRADISIE AANVUL

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradioaangeleenthede.

Die SARL nuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio slegs aan sarlnews@hotmail.com te stuur. NUUSITEMS WAT NA ANDER ADRESSE GESTUUR WORD MAG VERLORE GAAN EN NIE IN BULLETINS INGESLUIT WORD NIE. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels en stuur dit vroeg in die week.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

SARL BHF/UHF WEDSTRYD

Volgende naweek vind die eerste been van die SARL BHF/UHF-wedstryd plaas. Dit begin om 12:00 SAT op die 16de en eindig 24 uur later om 12:00 SAT op die 17de.

Die doel van die wedstryd is om aktiwiteit op die BHF en UHF-bande te bevorder. Die wedstryd is oop vir alle gelisensieërde radioamateurs in Suid-Afrika en die buurlande. Deelnemers kan deelneem as draagbare multi-modusstasies of vaste stasie multi-modus of vaste stasie FM alleen. Sodra die wedstryd begin mag die oprigtigsplek van die stasie nie verander word nie. Enige stasie moet 'n enkele roepsein en ruitverwysing tydens die hele wedstryd gebruik.

'n FM-alleen stasie is 'n stasie wat slegs FM gebruik vir alle kontakte. 'n Multi-modusstasie is 'n stasie wat enige modus of kombinasie van modusse insluitend FM gebruik. Die volgende frekwensies mag gebruik word: 50 tot 51,5 MHz; 144 tot 145,8 MHz; 432 tot 433,6 MHz en 1296 tot 1296,5 MHz met GG-, FM- of ESB- werking. Digitale modusse of spreispektrum is nie toegelaat nie, ook nie

herhaler-, satelliet-, AMA- of kruisbandwerking nie.

Deelnemers moet by die SARL en IARU Streek 1 bandplan hou. Die volgende word uitgeruil: Roepsein van beide stasies, seinrapport en geografisie ruitverwysing. Geen reeksnommers word benodig nie.

Dit blyk dat die neiging tydens die afgelope aantal wedstryde was om slegs FM te gebruik. Hoe lyk dit met ESB, horisontaal gepolariseer?

Bied dit nie die moontlikheid om baie verder kontakte met hoër puntetellengs te kan maak nie?

Die adres vir logstate is: John Fielding ZS5JF, Posbus 256, Inchanga, 3670. E-posnavrae aan johnf@futurenet.co.za

MONITERING VIR TWEEMETER DX

Verskeie Afdeling 2 BHF-amateurs in Oos-Londen en Port Elizabeth het ingewillig om die frekwensie 144,400 MHz oor naweke vir moontlike langafstandseine te monitor. Hulle is ZS2AH, ZR2NB, ZR2REG, ZS2BL, ZS2IV, ZS2JF, ZS2U and ZS2FM.

Wanneer tuis sal hulle hul ontvangers regdeur die dag, d.w.s. Saterdag en Sondag, aan hou met hul antennas gerig in verskeie rigtings, bv. Wes, Noord-Wes, Noord en Noord-Oos.

Afgeleë stasies word versoek om 'n paar oproepe gedurende die dag te maak wanneer gerieflik, maar veral wanneer hulle die ZS2VHF baken kan hoor op 144,415 MHz FSK, horisontaal gepolariseer.

Hulle mag enige modus gebruik om 'n geraas op die kanaal te maak om aandag te trek.

Baie openinge in die dag, op beide Tropo en Sporadiese-E, is al in die verlede gemis bloot omdat niemand op frekwensie was nie.

Sarlnuus spreek sy waardering uit aan PEARS vir die navorsing wat deur hulle gedoen word in verband met BHF/UHF-voortplanting. Ons spoor alle amateurs aan om PEARS in hierdie prysenswaardige onderneming van hulle te ondersteun en te deel in enige suksesse behaal.

LOGBOEK VAN DIE WêRELD SAL DX-TRADISIE AANVUL

Die ARRL is besig om die "Logboek van die Wêreld" (afgekort LOTW in Engels, LVDW in Afrikaans?), 'n elektroniese kontakverifikasieprogram, te ontwikkel. Projekbestuurder Wayne Mills, N7NG, het voorspel dat dit 'n "kultuurverandering" te weeg sal bring wanneer dit later vanjaar in gebruik geneem sal word. Wanneer dit operasioneel is, sal dit vir deelnemers moontlik wees om vir toekennings soos DXCC of WAS te kwalifiseer sonder om eers bevestiging deur middel van werklike QSL-kaarte te verkry.

LVDW sal nie die QSL-skema op papier vervang nie maar sal dit aanvul en dit sal ook nie 'n manier verskaf om QSL'le elektronies of op ander maniere te verkry nie. Mills het verduidelik dat dit 'n stelsel is om krediete te gee vir

toekennings en ook nie net ARRL-toekennings nie. Hy hoop om die deelname van ander organisasies wat bedryfstoekennings maak soos CQ en die RSGB te verkry.

Sentraal aan die konsep is 'n groot databasis wat deurlopend deur die ARRL op datum gehou word volgens data voorsien deur individuele DX-ers, kompetisiewerkers en DXpedisies. Wanneer dit in bedryf is sal dit in staat wees om vinnige kontakkrediet te voorsien. Mills het gesê dat die stelsel vir almal vir gebruik oop sal wees, vir ARRL-lede sowel as nie-lede.

Registrasie en oplaai van elektroniese logdata sal kosteloos wees. Die enigste keer wanneer gebruikers koste sal aangaan is wanneer hulle kontrakkrediete wil gebruik vir 'n spesifieke toekenning soos DXCC, WAS of VUCC.

Sagtewareontwikkeling gaan voort. Die ARRL se Web/Sagteware Ontwikkelingsdepartementbestuurder Jon Bloom, KE3Z, verwag om met volle sisteemtoetsing hierdie lente (ons herfs) te begin.

Sekuriteit sal in die sisteem ingebou word en elke poging sal aangewend word om die integriteit van die logdata te verseker. Persone wat registreer sal hulleself dmv af-lyn, harde kopie manier moet identifiseer voordat aan hulle 'n veilige en kostelose digitale handtekening en wagwoord vir toegang toegeken sal word.

In eenvoudige terme, wanneer 'n deelnemer aanteken sal die logboeksisteem vasstel of sy databasis enige "kontakpassing" bevat met logdata wat voorsien is. Indien wel mag 'n gebruiker enige gegenereerde krediete gebruik vir 'n spesifieke toekenning teen 'n per krediet fooi. Mills het gesê dat die koste in ooreenstemming sal wees met huidige ARRL toekenningsfooie.

Mills het verder gesê hy hoop om die indiensstellingsdatum vir die Logboek van die Wêreld binne 'n paar maande aan te kondig.

Die DX-gemeenskap sien sekerlik angstig uit na die indiensstelling van hierdie opwindende en bruikbare fasiliteit.

KONTAKTE MET DIE IRS

Gedurende die afgelope week het die IRS-bemanning met een skool in Amerika en die Harrowgate Meisieskollege in Engeland amateurradiogesprekke gehad. Laasgenoemde kollege beskik sedert 1980 oor 'n klubstasie en het alreeds meer as 90 radioamateurs opgelewer. Wat 'n pragtige voorbeeld.

KLUBNUUS

KOMITEE VIR DIE OVERBERG AMATEURRADIOKLUB

Gedurende die afgelope AJV van ZS1OAR, die Overberg Amateurradioklub, gehou op 2 Maart te Hermanus, is die vorige bestuur in geheel herkies. Die komiteelede is:

Voorsitter: ZS1WC, Johan; Ondervoorsitter: ZR1VR, Len; Sekretaris: ZS1AIJ, Arthur; Tesourier: ZS1SR, Kosie; Redakteur, Radio Overberg: ZR1GD., Willem;

BBS en tegnies: ZS1TGH,.Tim; Addisionele lid: ZS1MC,.Malcolm.

Ons wens die bestuur sterkte toe vir die komende jaar.

SASOL 2002 WETENSKAPFEES

Hierdie is die laaste aankondiging om almal te herinner and die Sasol 2002 wetenskapfees wat vanaf die 13de tot die 19de Maart te Grahamstad plaasvind. Die Port Elizabeth Amateurradiovereniging bedank almal wat hulle beste wense en ondersteuning aangebied het sowel as almal wat help met die voorbereiding en bemanning van die amateurradiouitstalling. Spesiale dank gaan aan Andre ZS2AJ wat ons ankerman in Grahamstad sal wees. Moet asseblief nie vergeet om gedurende hierdie tydperk met ZS2PE kontak te maak nie. Op hierdie wyse sal u help om die pret van amateurradio aan die jeug bekend te stel.

ZS6PTA VLOOIMARK

Die Pretoria amateurradioklub hou hul herfsvlooimark op Saterdag 6 April 2002. Die vlooimark sal oudergewoonte op die Suidkampus van die Universiteit van Pretoria gehou word en let op dat die aanvangstyd 12:00 is.

Almal is welkom om die grootste vlooimark in Suiddelike Afrika by te woon. Skakel Almero ZS6RY by (012) 567 3722 of op 082 414 5164 indien u 'n tafel wil bespreek of aanwysings benodig om by die vlooimark uit te kom.

BLOEMFONTEIN ARK TREKKING

Die trekking van die Bloemfontein ARK se kompetisie vir 'n ICOM IC2100H 2-meterstel en 'n selfoon vind plaas tydens die BHF/UHF wedstryd. Kaartjies is nog beskikbaar by Barney ZS4AQZ by 083 462 7507 of firedog@iafrica.com

SARLNUUS bedank alle nuusbydraers, individue, klubs en ander organisasies vir bydraes tot hierdie bulletin en al die stasies wat so getrou die herleidings behartig.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Die net van die President van die SARL is Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug.

U het geluister na ZS6SRL, dankie u dat u by ons aangesluit het

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX